WIKIPEDIA
Die vrye ensiklopedie

# Levi Lomey

**Levi Lomey** (Kaapstad, 31 Maart 1993) is ’n Suid-Afrikaaanse model wat in Londen woon en wêreldwyd werk. Hy is 189 cm lank, sy heupmaat is 79 cm, borsmaat 99 cm en sy skoengrootte 10. Hy het bruin hare en bruin oë.



Lomey (links), sy suster, Maxime Alix, en broer, Bryce Thompson, wat al drie in die buiteland as model werk.

Lomey, wat in 'n Joodse huis grootgeword het, is ’n boorling van die Kaapse voorstad Milnerton. Sy broer, Bryce Thompson, het die onderskeiding dat hy al meer as enigiemand anders op die tydskrif Men’s Health se voorblad verskyn het. Sy suster, Maxime Alix, werk ook as model in die buiteland. ’n Talentsoeker het Lomey reeds op 16 tydens ’n skoolmodeparade raakgesien, waarna hy sy internasionale debuut in 2009 in ’n artikel in die tydskrif Vogues Hommes Japan gemaak het. Thompson het hom gehelp om hom in die internasionale modelbedryf te vestig. Daarna het hy op die loopplank verskyn vir onder meer Dior Homme tydens die Paryse Modeweek tydens ’n skoolvakansie op ’n besoek wat sy broer gereël het, Kenzo, Michalsky, Top Man en in veldtogte vir Mr. Porter en Polo. Hy het ook vir Diesel, Steve Madden en Tom Ford gewerk. Hy het in ’n onderhoud in 2013 gesê die moesie op sy bolip onderskei hom van ander modelle en dit lyk asof kliënte daarvan hou. Vir hom is die hoogtepunte van sy werk die kans om te reis en die wêreld te sien.



Lomey (naasregs) en sy suster, Maxime Alix (regs), by hul pa, Jeff Lomey, en dié se vriendin, Angela Baillie van Vuuren, einde 2017.

## Bronne


- (en) Model Mondays; Levi Lomey, The Fashion Law (http://www.thefashionlaw.com/home/model-mondays-levi-lomey) Geargiveer (https://web.archive.org/web/20171024223629/http://www.thefashionlaw.com/home/model-mondays-levi-lomey) 24 Oktober 2017 op Wayback Machine. URL besoek op 19 Desember 2017.
- (en) twomanagement.com (http://www.twomanagement.com/portfolio/main-men/men/1202614/levi-lomey) Geargiveer (https://web.archive.org/web/20180211190851/http://www.twomanagement.com/portfolio/main-men/men/1202614/levi-lomey) 11 Februarie 2018 op Wayback Machine. URL besoek op 19 Desember 2017.

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Levi_Lomey&oldid=2652227"